**INSTITUUT VIR EIETYDSE GESKIEDENIS**

**Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat**

| Bron nr | Datum | Onderwerp nr. | Knipsel nr |
|---|---|---|---|
| 0 0 4 3 | 1 1 2 7 2 3 2 0 1 4 | 0 8 6 | 1 0 1 1 9 |

85 7 23

DIE BURGER Jg. 70 Nr. ........ P. 13 Dat. ........

# R30 M geëis ná onluste

Deur Ons Hoofverslaggewer

EISE van sowat R30 miljoen is vanjaar ontvang deur die Suid-Afrikaanse Spesiale Risiko-Versekeringsgenootskap (Sasria), wat dekking verleen teen verliese en skade weens politiek geïnspireerde gewelddadige optrede.

"Van die eise" is reeds uitbetaal, het mnr. Warren Plummer, voorsitter van Sasria, gister uit Johannesburg gesê.

Hy beskou dié bedrag as "nie baie hoog nie". Sasria het premiegeld van meer as R100 miljoen rand en ervaar geen probleme met uitbetalings nie.

Sasria is in 1979 deur die Regering in die lewe geroep om dekking te verleen "teen verliese en skade weens gewelddadige optrede wat daarop gemik is om die bestaande politieke, maatskaplike en ekonomiese orde te beïnvloed of te ontwrig". Dit is 'n maatskappy sonder winsbejag.

Ingevolge die unieke ooreenkoms is versekeringsdekking moontlik gemaak deur samewerking van die Regering en die private sektor. Die genootskap word beperk tot die geregistreerde korttermyn-versekeraars en die plaaslike verteenwoordigers van Lloyds in Londen.

TREFWOORDE

1 Sasria

2 Statistieke

3 Eise

4 Verliese

5 Opstande

6 Stedelike Swartes

7

8

9

10